

# MIGRERENDE PLAAGBEHEERBESTUUR: SPRINKAANBEHEER

## Gereelde vrae en antwoorde


### 1. Agtergrond

- Die endemiese uitbreekgebied van die bruin sprinkaan, naamlik die Karoo, beslaan 'n gebied van 270 484 km$^2$.
- Hierdie gebied verteenwoordig 32% van die republiek van Suid-Afrika.
- Sprinkane verkies gras by eerder as struike.
- Wanneer dit egter skaars word, migreer hulle en val gewasse in besproeiingsgebiede, soos mielies en koring, aan.
- Voor 1906 is meganiese en kulturele beheermetodes soos trap, slaan, brand van weiding en eierbeddings opgrawe gebruik om sprinkane te beheer.



### 2. Die sprinkaan-lewensiklus

- Sprinkane lê hul eiers op die grond.
- Hulle kan tot 380 eiers per seisoen per sprinkaan lê.
- Wanneer toestande geskik is, wat goeie reën van minstens 10 mm en warm temperatuur beteken, kan die eiers binne twee weke of 10 dae uitbroei.
- In die eerste ontwikkelingsfase is die sprinkaan swart van kleur. In die tweede en derde stadium sal die kleur van die sprinkaan na rooi verander. Hulle is algemeen bekend onder plaaslike inwoners as "Rooi-baadjies".
- In die 4de en 5de stadium begin die sprinkaan vlerke ontwikkel, maar kan nie vlieg nie.




- Hulle is ten volle ontwikkel tydens die 6de stadium en kan vlieg.
- **Dit neem 78 dae vir die sprinkaan om die volwasse stadium te bereik.**
- Tydens stadiums 1 - 5 word na die sprinkane verwys as hoppers. Hoppers is maklik om te beheer aangesien hulle minder geneig is om te migreer en nog steeds nie kan vlieg nie.
- Volwasse swerms kan vinnig van een gebied na 'n ander migreer.

### 3. Sprinkaanbeheermetodes

- Lugbespuiting
- Rugsakbespuiting
- Bakkiegemonteerde spuit




Last updated: May 2023



**Die departement voorsien kontrakteurs van:**

- Geregistreerde insekdoders (ULV-Esfenvalerate (Pyrethriod) verhandel as Sumi-Alpha ULV/Powder en Decis (deltametrien ULV) ULV – Ultra Low Volume).
- Beskermende klere.
- Spuittoerusting.

**NB: Sprinkaanbeheerpersoneel moet toegang hê tot eiendomme of plase waar sprinkane waargeneem word. Tans word sprinkaanbeheer in Nasionale Parke verbied.**





**4. Wat is die gelisensieerde plaagdoders wat gebruik kan word om sprinkaanbesmetting te beheer?**

- Besoek die Nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling vir die *“Beleid vir die bestuur van die sprinkaanprobleem in Suid-Afrika” en gelyste plaagdoders.*

  **(https://www.nda.agric.za/docs/locustpolicy/locust.htm)**

**5. Waarvan moet jy kennis neem wanneer jy spuit om sprinkane te beheer?**

- Sprinkane is die maklikste om te beheer tydens die 4de en 5de instar (ontwikkelingsfase), wanneer hulle nie kan vlieg nie.
- Gebruik gelisensieerde plaagdoders vir beheer. Lees die “Beleid vir die bestuur van die sprinkaanprobleem in Suid-Afrika” vir die lys van toelaatbare plaagdoders.
- Dien plaagdoders verantwoordelik toe. Neem asseblief kennis dat boere slegs goedgekeurde plaagdoders mag toedien teen die toedieningsdosis wat op die produketiket aanbeveel word.
- Windrigting moet in ag geneem word wanneer beplan word om sprinkaanswerms met plaagdoders te bestry.



## 6. Hoe om sprinkaanwaarnemings aan te meld

- **Nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling:** Vuyokazi Jongwana, Tel: 053 631 3621, E-pos: vuyok@dalrrd.gov.za
- **Wes-Kaapse Departement van Landbou:** Kontak asseblief jou naaste Wes-Kaapse Departement van Landbou Distrikskantoor vir gebiedspesifieke sprinkaanrapportering en beheermaatreëls.

| Nr. | Distrik | Kontakpersoon | Adres | Kontaknommer | E-pos |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Sentraal Karoo Distrik | Me Phyllis Pienaar | Pieter Jacobslaan 1, Beaufort Wes, 6970 | 083 649 9306 | Phyllis.Pienaar@westerncape.gov.za |
| 2 | Tuinroete-distrik | Mnr Hannes Muller | Hoofgebou, Outeniqua Navorsingsplaas, Ou Lughaweweg, George, 6530 | 044 803 3720 | Hannes.Muller@westerncape.gov.za |
| 3 | Overberg Distrik | Mnr Grant Jepthas | Old Albert Myburgh Hostel, Golfstraat, Bredasdorp, 7280 | 028 425 4826 | Grant.Jepthas@westerncape.gov.za |
| 4 | Kaapse Wynland Distrik | Mnr Rudolph Roscher | Wellington Sentrum, Kerkstraat, Wellington, 7655 | 021 808 7820 | Rudolph.Roscher@westerncape.gov.za |
| 5 | Weskus Distrik | Mnr Jan Smit | Langstraat 42, Moorreesburg, 7310 | 022 433 8902 | Jan.Smit@westerncape.gov.za |



